

Personeelkamer Opening

95. Leë hokke

George Thomas was n prediker in klein dorpie in Texas. Een Sondag het hy kerk toe gekom met 'n geroeste gebuigde ou voëlhok in die hand. Hy het die voëlhok langs die kansel neergesit. Wenkbroue van die gemeente het gelig, en toe begin George te preek.

Ek was gister op pad dorp toe, toe sien ek 'n jong seun aangestap kom met hierdie voëlhok in die hand. In die hok was daar drie voeltjies, die voeltjies het in die hok gesit en bewe van die koue en angs. Ek het die seuntjie gestop en hom gevra wat het hy daar, "ag sommer sulke wilde ou voëltjies" het die seun geantwoord. Ek het hom gevra wat gaan hy met die voëltjies doen.

Hy het gesê hy gaan hulle huis toe neem en pret met hulle hê. "Ek gaan hulle terg, en hulle vere uittrek en dan gaan ek hulle opstook om te baklei" het die jong seun geantwoord. " O, ek gaan soveel pret met hulle hê."

Ek het hom toe gevra wat gaan hy met hulle doen as hy nou klaar homself met die voëltjies vermaak het. Want sekerlik gaan hy moeg raak vir die speletjie. En toe se hy dat hy katte het, en hulle is baie lief vir voëltjies, en hy was van plan om die voëltjies dan vir die katte te voer.

Die prediker was stil, en toe vra hy: "Hoeveel wil jy vir die voëltjies hê?" "Meneer, jy wil nie hierdie voëltjies hê nie, dis sommer sulke wilde voëltjies, en hulle is nie eers mooi nie, en hulle kan ook nie sing nie."

"Hoeveel?" het die prediker weer gevra.

Die seun het die prediker op en af gekyk en toe gewaag met n "R100"

Die prediker het sy hand in sy sak gesteek en die noot uitgehaal en vir die seun gegee, en toe die hok opgetel en dit gedra tot aan die einde van die stegie waar daar gras en bome was.

Hy het die hok neer gesit en die deurtjie oopgemaak, en toe saggies teen die hokkie gekap sodat die voëltjies kon uitvlieg. Vry het hulle vinnig weggevlieg.

Dit het die leë hokkie op die kansel verduidelik en toe vertel die prediker die volgende verhaal.

Eendag het satan uit die Tuin van Eden gekom en hy het God daar gekry, en hy het by God gespog oor hoe hy die mens gevang het. Hy sê hy het 'n lokval gestel, en die mens kon dit nie weerstaan nie. Ja, spog hy, ek het hulle lekker gevang.

"En wat gaan jy met hulle doen," het God gevra? Satan het geantwoord: "O, ek gaan baie pret hê. Ek gaan hulle leer om te skei, om te drink en te rook en te vloek en swets. Ek gaan

hulle leer hoe om bomme te maak en gewere en hoe om mekaar dood te maak. O, ek gaan soveel pret he!”

“En as jy klaar is met hulle, wat gaan jy doen” het God gevra?

“O, ek gaan hulle doodmaak” het satan gespog.

“En hoeveel wil jy vir hulle siele hê?”het God gevra.

“Maar jy wil hulle nie hê nie” het satan geantwoord, “hulle is sleg en vol sonde. Hulle sal jou net verag, en verloën en verraai, jy wil nie daardie klomp slegte mense hê nie.”

"Hoeveel?" het God weer gevra.

“Alles wat vir jou kosbaar is, bloed en trane en lewe.”

Toe sê God: “Dis reg” en Hy gee sy Seun as losprys vir die sondige siele.

Toe tel die prediker die hokkie op, en loop daarmee uit, ‘n leë hokkie, want die voëltjies was vrygelaat.

Toepassing:

Ek en jy is ook vrygelaat uit die vangstrik wat satan daar gestel het. Ons is verlos, spierwit skoon gewas in die bloed van Jesus. En ons Koning het ons waarde so hoog geag, dat Hy Sy lewe vir ons gegee het.

Lewe jy nog in die hok van satan of het jy die vryheid gevat wat Jesus vir jou deur Sy bloed gekoop het?

Geskryf deur Georgie Claassen van die Christus Volgeling Facebook Groep.